LEEF JOU REIS
met GERRIE PRETORIUS

LEKKER GESELLIGE
TREINTOER

2019 | TRANSKAROO

3 September tot 8 September 2019

INLEIDING

Treinry bly vir my ongelooflik lekker en as die trein boonop nog Kaap toe gaan is dit selfs nog lekkerder! Ons was so oorweldig deur al die navrae en versoeke dat ons besluit het om weer ‘n treintoer in 2019 te beplan. In die Kaap gaan ons op ‘n wyntoer, vis-en-tjips by Houtbaai eet, konsert hou by Die Boer Teater en lekker langs die Waterfront kuier, om maar net ‘n klompie van die hoogtepunte te noem!

BELANGRIK

Aktiwiteite en dae kan moontlik omgeruil word as gevolg van onvoorsiene omstandighede, bv. weerstoestande.
Wees egter seker, jy sal steeds `n wonderlike tyd hê!

MEER INLIGTING OMTRENT DIE TREIN:

- Vier mense deel `n kompartement. Pak dus lig of bespreek jou eie kompartement.
- Daar is `n wasbak in die kompartement. Spasie is egter baie beperk.
- **Gemeenskaplike** stort- en toiletgeriewe.
- Beddegoed en komberse is teen R60/persoon beskikbaar.
- Kaapstad se weer is onvoorspelbaar, so pak maar warm klere, maar van groter belang - bring `n warm gees!

2019 | TRANSKAROO

DAG 1: Dinsdag 3 September

Ontmoetingspunt: **IRENE VILLAGE MALL** (McDonald's & KFC parkeerterrein)
Hoek van Nellmapius en Van Ryneveld, Centurion
(GPS koördinate: S25°51.683' E28°15.044')

Die Mega Coach Bus sal vanaf 09h00 by die parkeerterrein naaste aan McDonald's en KFC wag.
MOENIE LAAT WEES NIE!
Die bus vertrek stiptelik om 09h45 na Parkstasie, Johannesburg.

Vanaand slaap ons op die trein, maar slaap is nie ons hoofagenda nie. Ons gaan partytjie hou tot die vroeë oggendure!

Soos jy jouself op die trein tuis maak, maak seker dat jy weet waar die eetsaal, kroeg, sitkamers en badkamers is. Terwyl ons uit Johannesburg vertrek is jy welkom om `n drankie in die kroeg te geniet, of in jou kompartement te ontspan. Wanneer ons Gauteng agterlaat, maak seker dat jy op die uitkyk is vir die bekende flaminke van Kimberley.

Versnaperings en `n ligte middagete sal in twee verskillende sitkamers bedien word.`n Heerlike aandete, voorberei deur `n gesogte sjef, word later in die eetsaal bedien.

Liewe vriende, wees daarna gereed vir interessante vermaak deur verskeie kunstenaars, sangers en `n klompie ander verrassings.

Ns. Jy is welkom om jou eie bottel wyn en verversings in te pak – om sodoende bietjie geld te bespaar. Terloops 'n heerlike wynproe asook komplimentere wyn sal aangebied word. Daar is ook wyn te koop by die wynplaas. (En wie borg die Jägermeister?)

DAG 2: Woensdag 4 September

`n Spesiale bederf! Ons trein stop by die historiese **Matjiesfontein** vir `n toer van die dorp. (Gewoonlik het net die passasiers van die Suid-Afrikaanse luukse trein wat heelwat meer betaal), die kans om hierdie dorp te verken)

Na die heerlike ondervinding van die besoek aan Matjiesfontein, vertrek die trein vir die finale deel van die reis en arriveer laatmiddag (indien op tyd) in **Kaapstad**. Ons gaan direk na die hotel waar ons ook aandete geniet en n heerlike kuier.

Aandete word by die hotel bedien (tensy die trein laat is ...), gevolg deur 'n verrassing of twee.

2019 | TRANSKAROO

DAG 3: Donderdag 5 September

Kaapstad, hier kom ons!

Ons verken die middestad en besoek die **Kasteel.**

Middagete word in **Houtbaai** geniet. Dit is heerlike vars vis-en-chips, deurtrek met asyn (as jy so daarvan hou).

Dan op teen **Tafelberg** met die kabelkar. Tafelberg is een van die sewe natuurlike wonders van die wêreld.

Daarna besoek ons die kleurryke **Bo-Kaap**, met kleurvolle huise en `n ryk geskiedenis. Die dag word afgesluit by `n unieke plaaslike restaurant waar ons meer leer oor Bo-Kaap se mense en hul kultuur terwyl ons smul aan heerlike kos.

DAG 4: Vrydag 6 September

Ons begin die dag met `n wynproe by **Groot Constantia**, die oudste wynplaas in Suid-Afrika. Dié kelder het selfs jare gelede Napoleon se wynkelder van wyn voorsien.

Daarna besoek ons die **V&A Waterfront** en die hoog aangeskrewe **Two Ocean Aquarium**. Hier kan elkeen op sy eie tyd die besienswaardighede geniet. Indien jy gelukkig is, sal jy selfs `n kans kry om te sien hoe die pikkewyne op `n bepaalde tyd gevoer word.

Deur die loop van die dag word jy bederf met `n unieke koffie-ervaring. Jy sal meer oor koffie leer, en ook `n besoek aan **Charlie's Cupcake Factory** aflê.

Die bus vertrek om 18h00 vanaf die hotel na **Durbanville Hills Wynlandgoed** vir `n smaaklike aandete, wynproe en spesiale vertoning deur `n legende in die Afrikaanse musiekbedryf.

2019 | TRANSKAROO

DAG 5: Saterdag 7 September

Berei jouself voor vir `n lang maar opwindende dag - 'n hoogtepunt tydens die toer.

Ons ry deur **Stellenbosch** en besoek die **Afrikaanse Taalmonument** buite die Paarl, op pad na **Franschhoek.** Die Taalmonument met al sy simboliek is een van Gerrie se gunsteling besoekpunte.

In **Franschhoek** sal jy die geleentheid kry om die dorp op jou eie te verken en inkopies te doen.

Kaas- en wynproe volg by **Fairview,** en daarna geniet ons `n braai by die welbekende **Middelvlei wynlandgoed**.

Vanaand woon ons `n vertoning by Dowwe Dolla se bekende **Die Boer teater** by en geniet hulle bekende patat-hoendergereg vir aandete.

DAG 6: Sondag 8 September

Die toer kom ongelukkig vandag tot `n einde en ons vertrek vroegoggend vanaf Kaapstad Lughawe vir ons vlug huiswaarts.

`n Bus wag by O.R. Tambo Lughawe en neem ons terug na Irene Village Koopsentrum.

2019 | TRANSKAROO

WAT OM NOU TE DOEN

Stappe om te volg om jou bespreking op die Transkaroo-toer te bevestig:

Stap 1: Laat ons weet dat jy by ons wil aansluit vir hierdie opwindende toer deur jou e-pos adres en selnommer aan bookings@gerriepretorius.co.za te stuur. Ons stuur dan die besprekingsvorm vir jou. Vul dit in en stuur dit terug saam met `n afskrif van jou paspoort/ID met bewys van betaling van jou deposito.

Stap 2: Ons hou jou gereeld op hoogte en sal jou ook deel maak van ‘n WhatsApp groep na die vertek datum.

Stap 3: Raak solank opgewonde en begin uitsien na die mees fassinerende vakansie van jou lewe!

Let wel – geen kansellasies sal aanvaar word nie.
Ons beveel aan dat jy breedvoerige versekering vir kansellasie sowel as persoonlike dekking uitneem, in geval van dood, mediese uitgawes, repatriasie-uitgawes en ontruimingsuitgawes tydens `n noodgeval. Ons beveel ook aan dat jy versekering uitneem met dekking teen persoonlike aanspreeklikheid en verlies van persoonlike eiendom.

Prys

R15 500* per persoon wat deel

Sluit alle kostes, vlugte, uitstappies, wynplase en vermaak in.
Drankies, fooie en geskenke is uitgesluit.
R21 500 per persoon in `n enkelkamer.

- Let daarop dat die aantal enkelkamers beperk is, en in sommige gevalle mag dit nie moontlik wees om `n enkelkamer te bespreek nie.
-

- Toerpryse word bereken deur gedeelde tariewe as 'n basislyn te gebruik.
- `n Nie-terugbetaalbare deposito van R5 000 per persoon word vereis om jou bespreking te verseker. Die uitstaande balans is streng teen 60 dae voor die aanvang van die toer betaalbaar.
- Jou depositoverwysingsnommer is: **Trein2019,** betaalbaar aan: GJ Pretorius, ABSA, Mosselbaai tak: 632005, Rekeningnommer: 2078183449
- Stuur bewys van betaling aan: bookings@gerriepretorius.co.za.

Kontak ons gerus om jou plek op hierdie wonderlike reis te verseker.

+27 82 923 3626
bookings@gerriepretorius.co.za
www.gerriepretorius.com | www.gerriepretorius.co.za | www.goingplacesnow.com

Leef Jou Reis Vriende

@gerriepret

@GerrieOfficial